Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 4, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# INVLOED VAN MARXISME EN KOMMUNISME OP DIE TRADISIONELE SWART GEMEENSKAPPE VAN AFRIKA

**Kol D.P. Stoffberg***

**The influence of Marxism/Communism on the traditional Black Communities in Africa is discussed with reference to inter alia the Russian model for socialism and the reaction of the Black Man in Africa to these social structures.**

Carl Marx het gesê dat sosialisme nie op 'n maatskappy wat nog nie voorheen 'n kapitalistiese stelsel ondervind het, toegepas kan word nie. Volgens Marx moet sosialisme kapitalisme opvolg net soos feudalisme kapitalisme voorafgegaan het en die vroegste regeringsvorms deur feudalisme opgevolg is (Potekhin, 1968).

Volgens Potekhin ('n gewese Russiese etnoloog) is daar twee soorte privaatbesitters, naamlik die kapitalis met groot ondernemings en die klein produsent soos die landbouer. Met die instelling van 'n sosialistiese stelsel, aldus Marx, moet die private eiendom wat deur kapitaliste besit word deur die staat, gepaard met kompensasie, oorgeneem word. Die klein produsente se eiendomme moet gesosialiseer word deur die daarstelling van produktiwiteitskoöperasies.

Potekhin het ook die aandag daarop gevestig dat landbou die hoofbron van ekonomiese produksie van alle Afrikalande is en dat, behalwe die RSA, alle lande in Afrika tot die groep van minder ontwikkelde landboulande in die wêreld behoort. Hy voer aan dat in Afrika diverse vorms van ingewikkelde interafhanklike grondeienaarskap en bewerking van lande bestaan waar kommunale en private besit ter sprake is. Volgens Potekhin het die Blankes voorheen die beste grond vir hulle toegeëien in Afrika soos in die geval van Rhodesië (Zimbabwe) en die RSA waar twee derdes van die grond deur Blankes besit is. As gevolg van die gebrek aan landbougrond was Swartes genoodsaak om vir Blankes te werk soos dit ook die geval in Kenia, die Belgiese Kongo en Marokko, voor onafhanklikheidswording was.

Die "Freedom Charter" wat in Julie 1953 by die "Congress of the People" aanvaar is, het dan ook oa bepaal dat grond in die RSA onder al die inwoners wat die land bewoon en bewerk verdeel moet word volgens die sosialistiese stelsel (Potekhin, 1968).

**Die Russiese model vir sosialisme het die volgende ingehou (van Rensburg, 1983):**

(a) Snelle industrialisasie;
(b) Grootskaalse kollektivisering van die landbou;
(c) Ekonomiese imperialisme eerder as ekonomiese selfstandigheid;
(d) Vertroue in die tegnokratiese en burokratiese grondslag nà die ontwikkelingsproses;
(e) Demokratiese sentralisasie met 'n sentrale mikpunt eerder as 'n gesamentlike inisiatief van die kleinboerestand.

Vir die Marxiste het industrialisasie 'n gunstige klimaat vir kommunistiese ekspansie geskep deurdat baie werkers en hul families na die stede gelok is waar 'n proletariaat besig was om te ontstaan (Wainwright: 1980).

In 1959, twee jaar nà die vrywording van die eerste swart staat Ghana en op die vooraand van die stortvloed onafhanklikheidswordings van die vroeë sestigerjare, het dr Alexandre Alande, die bekende etnoloog van Benin, die verwagtinge van die nuwe state soos volg verwoord:

"Wat is die oogmerk? 'n Einde van eksploitering van een mens deur 'n ander, groter vryheid, meer wellewendheid ... kortom: ons wil die koloniale juk afskud ... Dit ontbreek my vaardigheid om die beangste hoop te verwoord waarmee die lydende massa hierna uitsien." Twee dekades later sou dr Adeboyo Adedeji, vooraanstaande Nigeriese ekonoom en uitvoerende direkteur van die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Afrika, soos volg weeklaag toe hy die OAE se Instituut van Arbeidsgeleenthede in Geneve toegespreek het: "Hoe het ons in hierdie droewige toestand beland in die nà-onafhanklikheidsera wat aanvanklik so belowend voorgekom het?" (van Rensburg, 1983).

Een van die mees geslaagde propagandaveldtogte in die sewentigerjare was om die beeld by die leiers en intellektueles van die Derde Wêreld

op te bou sodat die mense die kommunisme moes beskou het as anti-imperialiste en anti-kolonialiste met Marx as die vyand van alle vorms van imperialisme en kolonialisme.

Vir daardie Afrikaleiers wat geglo het dat neo-kolonialisme en ekonomiese imperialisme hulle vryheid in gevaar stel, het die Russe ekonomiese vryheid en ontwikkeling op die breë veld belowe. Soos Wainwright dit stel: "Marxist tenents to the problems of modernization in the developing countries, specifically they have developed a theory of non-capitalist development as an intermediate stage between freedom from direct colonial rule through neo-colonialism toward the atainment of full socialism in the entire Third World (Wainwright, 1980).

Touré van Guinee het op die vooraand van sy land se onafhanklikwording hom in 1959 soos volg uitgedruk tov die Swartman se kommunale lewenswyse in Afrika: "Africa is essentially communicratic ... Collective life, social solidarity, give to Africa habits a basic humanism which many people would envy. It is ... because of these human qualities that no individual in Africa can conceive of the organization of his life outside that of his family, village, or clan group (Séko Touré 1976)/

Die mees kritiese toets vir sosialisme, volgens die Marxis- Lenistiese denke, het in Afrika voorgekom by die herorganisering van die landelike lewenswyse in terme van tegnieke, metodes van produksie, distribusie, ruilhandel en sosiale verbintenisse. Die hoofdoel van die regime in Guinee was om die landelike gebiede te reorganiseer ten einde landbouproduksie te bevorder (beide kwalitatief en kwantitatief) deur nuwe sosiale strukture tot stand te bring, wat eerder kommunale bewerking as indiwiduele of familieproduksie beklemtoon het, maw 'n koöperatiewe samelewing.

Daar is geglo dat die kommunale poging bevorderlik is vir die ontwikkeling van die soort sosiale verwantskap wat deur die owerheid verlang was, terwyl die indiwiduele of familieproduksie volgens Touré mag lei tot eksploitering en die totstandkoming van 'n landelike kapitalistiese boerestand met suksesvolle indiwiduele produseerders (Touré, 1976).

Die kommunale stelsel is ook elders in Afrika toegepas deur swart onafhanklike state wat kommunisties geïnspireerd was. In Mosambiek is baie mense verskuif na gemeenskapsdorpies waar hulle onder die toesig van 'n regeringsamptenaar in koöperatiewe verband saamleef met die doel om landbouproduksie te bevorder. Dit is ook die strewe van die Angolese regering om alle sektore van die samelewing te mobiliseer deur 'n verskeidenheid organisasies in die lewe te roep. Die meeste lede van die organisasies is jongmense en die aktiwiteite is veral gesentreer rondom die sekondêre skole wat studentegroepe insluit wat vrywillig hulle dienste aanbied vir akademiese onderrig, sportafrigting en die bewerking van lande. Vir vroue is die "Organization of African Women" (OMA) in die lewe geroep wat die Angolese revolusie se kommunistiese strewe simboliseer naamlik dat alle vroue gelykgestel moet word met mans (Rosberg en Callanghy, 1979).

Die toepassing van 'n kommunistiese sosiale stelsel in Afrika met sy swart kulture wat in baie gevalle nog konserwatief en staties was, het meegebring, dat 'n weerstand by die swart bevolkings van daardie lande opgebou is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat mense nie die lojaliteit, gemotiveerdheid en samewerking aan die dag gelê het nie.

**Die skepping van nuwe sosiale strukture was vir die swartman van Afrika vreemd aangesien:**

(a) 'n Kommunistiese stelsel hulle vryheid van beweging, beroepslewe tradisionele leefwyse en godsdiensvryheid ontneem het;
(b) die stamkapteins/hoofmanne/en familiehoofde vir wie hulle en hulle voorouers 'n besondere agting, respek en lojaliteit betoon het, vervang is met respek en lojaliteit wat aan die staat en die marxistiese ideologie betoon moes word;
(c) die tradisionele sosiale-organisasie waar families in kleiner en groter gesinseenhede in homogene stamverband woonagtig was deur kommunistiese sosiale strukture vervang word met 'n heterogene gemeenskap waar stamidentiteit op die langeduur verlore sal gaan;
(d) die verskuiwing van die bevolking na gemeenskapsdorpies lei tot die verdwyning van die tradisionele grondbesit-stelsel van stamme en daarmee gepaard die bewerking van lande en die godsdienstige stamgebruike wat verband hou met die landbou, soos oesfeeste en offers aan voorvadergeeste;
(e) die gelykstelling van vroue met mans vir die

tradisioneel-konserwatiewe swartman onaanvaarbaar is omrede die vrou tradisioneel die ondergeskikte van die man is.

As gevolg van die kommunale stelsel soos deur die kommuniste ingestel, het die produksie in Guinee, Mosambiek, Angola en elders gedaal. In Guinee is in 1963 – 160 000 ton piesangs verwag maar slegs 50 000 ton is opgelewer. Verder is verwag dat die grondboontjieoes 25 000 ton sou bedra, maar slegs 7 000 ton is geproduseer; in plaas van om rys en koffie uit te voer na Frans-Wes Afrika en ander buurstate het Guinee 'n invoerder van rys geword. 'n Beraamde 2 000 ton tamaties was benodig vir die inmaakfabriek te Mamou, maar in 1966 en 1967 is geproduseer slegs 285 ton en 308 ton respektiewelik. (Rosberg en Callaghy, 1979).

Ook in Angola, Mosambiek en Zimbabwe het die voedselproduksie sedert onafhanklikheid geweldig gedaal en moet die meeste voedselsoorte vandag ingevoer word. Benewens die droogtes en ander natuurrampe soos oorstromings, is die onekonomiese en onpraktiese kommunistiese stelsel en onbestendige regerings, verantwoordelik vir die toedrag van sake. Hongersnood en siektes is aan die orde van die dag in die Afrikastate wat die koloniale juk afgeskud het. Die swartman wou die koloniale juk afskud en 'n einde maak aan diskriminasie, maar het weinig begrip gehad van die soort gemeenskap wat die kommuniste beoog het, behalwe dat Westerse moderniteit 'n vae onderbou moes voorsien.

Baie swart intellektueles het aanvaar dat "meerderwaardige" opvoeding hulle aanspraak op leierskap sou gee. Tog het min van hulle na onafhanklikheid sodanige posisies verwerf. 'n Ander groep leiers het op die voorgrond getree, persone wat in die "plaaslike kultuur" ingebed was, en wat bepaald die idealistiese oogmerke daarop nagekom het.

Vir die nuwe leiers was die politiek 'n opwindende en voordelige "beroep" en hulle was bewus daarvan dat hulle die mag kon verkry en behou – nie deur abstrakte sosio-ekonomiese begrippe te predik nie, maar deur 'n netwerk van intrige met die oog op politieke oorlewing. Met diè oogmerk was dit nie lank voordat die leër 'n instelling geword het om politieke beheer te behou nie – 'n obsessie met die politiek wat min bemoeiing met maatskaplike en ekonomiese kwessies gelaat het. Geen wonder dus dat die optimisme van die vroeë sestigerjare 'n dekade later in frustrasies en teen die tagtigerjare in ontnugtering oorgegaan het nie. Vir die meeste swartes wat dit onrusbarend duidelik dat die ou strukture besig was om in duie te stort en dat geen nuwes van enige standhoudende aard geskep is om hulle plek in te neem nie (van Rensburg 1983).

Die weerstandsbewegings in Angola en Mosambiek wat die grootste etniese groepe verteenwoordig in dié lande, getuig van 'n verset teen die Marxisme wat hulle beskou as 'n vreemde ideologie wat voetstoots en sonder voorbehoud van 'n vreemde beskawing oorgeneem is.

Intellektueles en leiers in sommige regeringskringe het die Marxisme en daarmee gepaard ekonomiese agteruitgang veral in die sewentigerjare tot op hede ook begin bevraagteken. Terroristeoorloë, die ekonomiese resessie, agteruitgang in infrastruktuur, droogtes en oorstromings het sommige lande feitlik op hulle knieë gedwing met die gevolg dat al hoe meer swartes veral Angola en Mosambiek hul nou tot die Weste en Suid-Afrika begin wend om sosio-ekonomiese stabiliteit te herstel vir 'n vreedsame politieke skikking soos wat die Nkomativerdrag op 8 Maart 1984 tussen Suid-Afrika en Mosambiek ook getuig.

Baie Afrikaleiers verwerp vandag Marxisme op grond daarvan dat Marx en Lenin niks geweet het van 'n pre-kapitalistiese gemeenskap nie en dat hulle vertroue in die klassestryd nie verband hou met die situasie in Afrika nie asook dat hulle nie die groei van kapitalisme en die meegaande stryd tussen die industriële proletariaat en die kapitalistiese klas meegemaak het nie (Clarke 1966).

Nòg Marx, nòg Lenin het 'n spesifieke ontleding van die tradisionele Afrikagemeenskappe gemaak. Hulle was oortuig dat die kommunistiese resep wat met welslae in veral Oos-Europa toegepas is, ook geslaagd sou wees in Afrika.

*Kol D.P. Stoffberg, DRS PHIL, TOD, Vo SSO Etnologie is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die S.A.W.

**Bibliografie**

1. Clarke, I.C.: Socialist in Africa. Doble en Brendan Ltd, Plymouth 1866, p. 41.
2. Hendrikse, T.H.: African Affairs, Vol 77, No 309, Oktober 1978, pp 451–457.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 4, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

3. Potekhin, I.I.: African Problems, NAUKA, Publishing House, Moskou 1968, pp 24–63.
4. Rosberg, C.G. en Callaghy T.M.: Socialism in Sub Sahara Africa, Institute of International Studies, University of California, Berkley 1979, pp 62–76.
5. Touré, S.: An Experiment in Nation Building, London, Methuen 1976.
6. Van Rensburg, A.P.J.: Moderne Afrika, HAUM 1983, pp. 275–294.
7. Wainwright, E.H.: A Projected Research Programme into the Relationship between Marxism and Afro Socialism, Politikon, vol 7, NO. 1, 1 Junie 1980, pp. 90–94.